

Inhoud Hierdie preek wys hoe ons as gelowiges buite die goddeloosheid (ateïsme) van die moderne skrifkenners of die fundamentalisme van die bygelowige massas staan. Ons aanbid Jesus Christus in die geloof dat Hy God met ons is en stort al ons nood elke dag voor Hom uit. Ons eer Hom nie as geestelike rolmodel of begeer sy goddelike krag en mag as ons eie krag en mag nie.

Skriflesing Matteus 9: 1 – 6; Jesaja 61: 1 – 3; Matteus 11: 1 – 6.

Teks Matteus 9: 2 b “En toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde man: Hou moed, kind, jou sondes word vergewe.”

Tema Christus laat vergifnis tussen ons en God gebeur

1. Wanneer Christus sê ons word vergewe, is ons vergewe!

Dit is presies wat hier met die verlamde man gebeur. Die Here Jesus sê vir hom hy is vergewe, en dan is hy deur God vergewe. Die skrifkenners se reaksie op wat Jesus gesê het, bevestig dat hulle presies weet wat Hy hier doen.

Hulle sê Jesus tree godslasterlik op. Die evangelis Lukas berig dat hulle hulself só afvra: “Wie is Hy dat Hy so kan laster? Wie anders as net God kan sondes vergewe?” (Luk.5: 21)

En hulle is reg! Net God kan vir jou sê “Jou sondes is vergewe”, want sonde is oortredings teen God se wil, is ‘n aantasting van God se eer en is gerig teen God. Net God kan vir jou sê: “Hou moed, kind, jou sondes is vergewe.” En dit is presies wat die Here Jesus vir die verlamde man sê.

Daarom bevestig die Here aan die skrifkenners dat dit presies is wat Hy gesê het, bedoel het om dit só te sê en dat Hy dit mag sê. Die Here doen dit deur eers ‘n vraag aan hulle te stel: wat is makliker om te sê “Jou sondes is vergewe” of om te sê: “Staan op en loop!”

2. Die Here se vraag is ironies want dit is ewe maklik om enige een van die twee te sê. En om dit net te sê is vir enige mens moontlik. Maar om dit te laat gebeur wat jy sê net deur dit te sê is net vir God moontlik. Net God laat gebeur wat gebeur net deur sy skeppingswoord.

Daarom is al twee uitsprake weer ewe moeilik, want net God kan vergifnis laat gebeur deur dit net te sê en net God kan mense gesond maak deur net te sê: “Wees gesond!”

Dit is die punt waaroor dit gaan in wat die Here vir die verlamde man sê: die skeppingswoord van God in vergifnis en in genesing.

Wanneer God sê laat daar lig wees, dan is daar lig. Wanneer God sê dat die water en landmassas moet skei om see en kontinente te vorm, dan gebeur dit. Wanneer

God sê dat daar plante om die aarde moet wees, dan gebeur wat Hy sê en wanneer God sê laat daar voëls en diere wees, dan gebeur dit soos Hy dit sê.

God praat en kuier nie wanneer Hy sê nie. God laat alles gebeur soos Hy dit sê.

3. En dan bevestig die Here Jesus dat Hy vergifnis laat gebeur en dat dit vir die verlamde man gebeur het, toe Hy vir die verlamde man gesê het: Jou sondes is vergewe!”

Die Here Jesus bevestig dit met die twee uitspraak waardeur Hy weer doen wat vir enige mens onmoontlik is om te doen. Hy sê vir die verlamde man: Staan op en loop. En dan gebeur wat die Here sê. Die man staan op en loop na sy huis toe.

Só openbaar die Here Jesus dat net soos wat gebeur het toe Hy vir die verlamde man gesê het om op te staan en te loop, net so het vergifnis tussen God en die verlamde man gebeur toe die Here vir hom gesê het: “ Jou sondes is vergewe.”

Jesus Christus is God wat vergewe.

Die Here Jesus is God wat verlos!

Die Here Jesus openbaar in Matteus 11 aan Johannes die Doper dat Hy die Christus is wat self God is, en doen wat net God kan doen. Alle wonders wat die Here gedoen het, blindes wat sien, verlamdes wat loop, melaatses wat gesond word, dowes wat hoor en dooies wat lewend opstaan, is die vervulling van die koms van die verwagte Christus soos aangekondig in Jesaja 61. Jesus is die aangekondigde Christus. Hy is die goeie boodskap, die evangelie en Hy is God wat sondaars se sondes vergewe.

En dit is presies wat die Here Jesus vir die verlamde man gedoen het.

4. Die kontras tussen die verlamde man en sy vriende en die skrifkenners en die skare, openbaar ook die verskil tussen geloof in die Here Jesus Christus en ongeloof in die Here Jesus Christus.

Die skrifkenners reageer deur te stel dat Jesus nie vir die verlamde mag sê dat sy sondes vergewe is nie. Vir Jesus om dit te sê, is volgens hulle godslasterlik want net God mag dit vir 'n sondaar sê. Die skare reageer deur God te prys dat Hy sy goddelike mag aan mens gee.

Ons mag nie die reaksie van die skare sien as geloof in die Here Jesus Christus nie. Hulle glo, net soos die skrifkenners nie dat Jesus God is wat laat gebeur wat Hy sê nie. Hulle het geglo Jesus wys vir hulle dat God sy mag om te laat gebeur wat Hy sê nou vir mense gegee het. Jesus is vir hulle ongeloof die bewys dat God sy goddelike krag en mag om god se wees nou aan mense gegee het. Mense kan nou ook net soos Jesus en in die Naam van Jesus laat gebeur wat hulle sê soos hulle dit sê.

Die skrifkenners reageer met ongeloof en die skare reageer met bygeloof op wat die Here Jesus doen.

Die skrifkenners glo nie Jesus is God wat laat gebeur wat Hy sê nie en die skare glo dit ook nie. Hulle glo dat wat die skrifkenners verklaar nie kan gebeur nie, nou deur Jesus gebeur het: Jesus bewys dat God nou nie meer soewerein God in, en deur en tot Homself God is nie. God laat nou mense in sy goddelike krag en mag deel en daarom kan hulle ook nou net soos God sê en wat hulle sê sal gebeur.

5. So! Hoe verskil die skrifkenners se ongeloof en die skare se bygeloof in Jesus Christus van die verlamde man en sy vriende se geloof in die Here Jesus Christus. Want Christus het hulle geloof gesien!

Hulle het volgens die Here se eie woorde in Matteus 11 geglo dat Hy die belofde en verwagte Christus van Jesaja 61 is. In hierdie geloof het hulle na Hom gegaan met hulle siekte en nood. Met hulle siekte en nood het hulle na Jesus gegaan in die geloof Hy is die Christus wat vir hulle sal doen wat van die Christus in Jesaja 61 aangekondig is.

En toe doen Jesus Christus vir die verlamde man wat net God kan doen. Hy vergeef sy sondes en genees hom, deur net te sê jy is vergeef en staan op en loop.

Niemand anders kan só die Christus wees nie – wat sê wat net God kan sê en laat gebeur wat Hy sê soos net God dit kan doen.

Die dissipels van die Here het hulle hiermee misgis. Hulle wou ook doen wat Jesus Christus doen soos hy dit doen. Markus berig in Markus 9: 1 – 29 dat hulle net soos Jesus 'n seun met epilepsie wou genees het en toe kon hulle dit nie doen nie. Hulle het toe vir Jesus gevra: “Waarom kan ons die gees nie uitdryf nie? Hy het vir hulle gesê hierdie soort kan met niks anders as gebed uitgedryf word nie.”

Die Here sê nie vir hulle “ Julle het nie gebed nie, as julle gebed het sou julle net soos ek genees nie”, ook nie “ Julle moet in gebed sê wat Ek sê dan sal julle kan genees nie. Die Here Jesus spreek hulle bygeloof aan wat hulle met die skare in Matteus 9 deel: Jesus het god se goddelike krag en mag aan ons kom meedeel om soos god se kan vergeef en genees.

Die Here stel dat Hy genees deur te sê en wat Hy sê gebeur, want net Hy is die Christus wat self God is. Nie hulle nie. Hulle kan nie sê en dan gebeur wat hulle sê nie. Hulle kan bid. Hulle kan tot Hom bid en in sy Naam bid en dan sal Hy, nie hulle die Een wees wat sê en laat gebeur wat Hy sê. Gebed is wat die verlamde man en sy vriende gedoen het. Hulle het na die Here Jesus gekom met die verwagting dat Hy vir hulle in hul nood sal help omdat Hy die belofde en verwagte Christus is.

6. Hierdie openbaring van wie die Here is in sy vergifnis en genesing van die verlamde man, wys ons wie ons as gelowiges is binne die spiritualiteite van die wêreld.

Ons is gelowiges wat met ons nood in ons ontberings in gebed na Jesus Christus as die Here wat sê en wat Hy sê met en in die skepping laat gebeur gaan. Ons roep die Here in geloof aan, ons nader die Here nie met boetedoening nie. Die verlamde man en sy vriende het nie met skuldbelydenisse, berou-betonings en ondernemings oor 'n beter lewe na die Here gekom nie. Hulle het nie vir vergifnis na die Here gekom

nie, maar vir hulp in hul nood. En nog voor hulle iets kon sê of vra het die Here verklaar dat die verlamde man vergewe is.

So nader ons die Here altyd in geloof dat Hy die Here is wat ons in alle nood uitkoms gee voor ons nog iets kan sê of iets kan vra. Dit het ons as gemeente hierdie jaar al op besondere wyses beleef. Drie van ons lidmate is van kanker genees en die Here het vir Juandre in die pad wat hy beseer en bewusteloos voor aankomende verkeer gelê het bewaar en beskerm nog voor enige een van ons eers geweet het hy is in lewensgevaar.

Ons is nie ongelowige Skrifkenners nie. Hulle het nie geglo Hy is self God met hulle nie, maar het die Here wat self God is van godslasterlikheid beskuldig. Die Here Jesus wat ons as God vertrou, is volgens hulle geestelike kennis - godslasterlik!

Skrifkenners se ongeloof in die Here Jesus kom uit hulle geloof dat hulle die regte pad na God leer deur self jou saak met God reg te maak volgens hulle selfopgemaakte geestelike reëls. Hulle wou gehad het dat die verlamde man eers aan hulle geestelikheid moet voldoen voor God hom kan vergewe. Volgens hulle het Jesus Jesaja 61 totaal verkeerd verstaan en kon Jesus nie aankondig dat deur sy genesings en wonders Hy die beloofde Messias van Jesaja 61 is nie. Die Skrifkenners se Christus moes hulle geestelikheid kom bemagtig, nie self kom God wees het nie. Hulle Skrifkennis is hoe hulle ongelowig is.

Ons staan vandag binne die aanslag van hierdie ongelowige Skrifkenners wat Jesus nie as God erken nie maar net as voorbeeld wil sien van hulle eiesinnig geestelikhede. Hulle is vandag ook besig om met kennis van Hebreeus, antieke denke en leefwyses te wys dat Jesus Jesaja 61 buite konteks aangehaal het en verkeerdelik sy genesings en wonders as tekens van die vervulling van die beloofde Christus in Jesaja 61 voorgehou het. Met hulle Skrifkennis wil hulle ons keer om die Here Jesus as God in geloof te nader. Ons mag volgens hulle Jesus net geestelik beleef, nie as teenwoordige God nader nie.

Maar ons glo in die Here Jesus Christus. Ons vertrou Hom as God met ons. (Mat.28: 20) Ons nader die Here altyd in geloof en Hy ontvang ons altyd in vergifnis: Hy laat ons reg en heilig vir Hom wees deur sy kruisdood en opstanding, nie deur ons wat met skuldbelydenisse, jammerlikheid en belofte vir ons 'n pad na Hom toe probeer bewerk nie. Ons roep Hom aan as God. Ons volg Hom nie as geestelike voorbeeld na nie.

7. Ons is gelowiges. Ons is nie die ongelowige skare wat God na die Here die verlamde man genees het, in hulle bygeloof gereageer het deur God te prys wat sy goddelike krag en mag aan mense gee nie.

Hulle het God geprys omdat hulle geglo het God gee nou aan mense die krag en mag om soos God te sê en wat mense nou in God se Naam sê, sal gebeur omdat hulle dit in god se Naam gesê het. In hulle bygeloof is Jesus die Messias wat mense nou met God se krag en mag kom bemagtig het.

Hierdie is die bygeloof in die Christelike Kerke wêreldwyd. Geestelikes verander gebed van die gelowige vra vir die Here na die geestelike mag om in die Naam van

God te sê en wat jy só sê laat jy gebeur. Só sê Rooms Katolieke priesters in bieghokkies “God vergeef” en dan gebeur die vergifnis tussen jou en god wanneer hulle dit sê. Só verklaar pastore in die Naam van Jesus jy is genees en dan word jy gesond. Só verklaar die ou apostels “Siel gaan hemel toe” en dan gebeur dit wat die oudste sê. Só maak hulle van die gelowige gebed, die krag van gebed, so asof gebed ‘n geestelike krag en mag nie. Ons nader die Here Jesus Christus gelowig in gebed, die Here wat alleen die Skepper is en laat gebeur wat Hy sê. Ootmoedig stort ons al ons nood voor Hom uit in die wete dat Hy ons nie straf of veroordeel vir ons sonde nie en ons vir Homself in alles laat behoue bly. Ons sê nie in sy Naam vir God wat om te doen of verklaar in sy Naam wat moet gebeur nie.

So staan ons as gelowiges buite die goddeloosheid (ateïsme) van die Skrifkenners of die fundamentalisme van die bygelowige massas wat met God se goddelike krag en mag bemagtig wil wees.

Ons aanbid Jesus Christus in die geloof Hy is God met ons en stort al ons nood elke dag voor Hom uit.